# KERKGEBOUE

VIR

# SUIDAFRIKA.



GERARD MOERDIJK, A.R.I.B,A.
ARCHITEK.

P.BUS 6614.
FOON 948.

5 & 6, TRUST BLGS,
FOX ST. JOHANNESBURG·

Namaak Verbode.

# WOORD VOORAF.

Dit is my 'n blydskap om 'n woord van aanbeveling te kan skryf by die verskyning van hierdie boek van Mnr. Gerard Moerdyk. Hy het in Europa sig vir sy vak as architek bekwaam; en het gestudeer in London, Parys en Rome. Hy het vir hom also op die hoogte van die boukuns gebring. Dit blyk uit hierdie boek wat hy geskryf het. Ek het die eerste skets van die boek gesien. In hierdie boek is daar ontwerpe vir kerkgeboue, van die eenvoudige kerkie wat 300 sitplaatse bevat tot die pragtige gebou waarin daar 2,000 toehoorders kan gaan. Die skrywer lewer die bewys hier, dat hy 'n regte insig het in die boukuns. Hy neem 'n hoë standpunt in. Hy sien in die boukuns 'n Goddelike element. Nou as 'n mens dit van sy werk dink, dan kan dit nie anders nie, of sy werk moet daardeur hoog staan. Waar die skrywer nou hierdie beskouing van die boukuns in die algemeen het, pas hy dit toe op die kerkelike boukunde in die biesonder. Hy verstaan wat die eienaardige karakter van 'n kerkgebou behoort te wees; en hy se dat dit sy doel is om vir hom toe te le op die bouw van kerke.

In hierdie boek is sy ontwerpe gebasseer op die ou Hollandse styl, soos die in die Kaapkolonie aangetref word; en dit is bepaald intressant om 'n studie te maak van die manier waarop hy die styl toepas. Hy is oorspronklik in sy behandling. Dit is treffend hoe hy die eienaardighede van die styl wat hy gebruik, laat aanpas by die gewyde karakter van die ontwerpe wat hy maak. En dan is dit ook alles prakties aangewend na die biesondere behoefte van die Gereformeerde eerediens soas ons dit by ons eie volk en ons eie land aantref. Dit gee sy werk waarde.

Van harte vertrou ek dat die skrywer veel voorspoed mag he.

J. D. KESTEL.

Kaapstad, Julie 1919.

# EEN AANBEVELING.

In onze tegenwoordige tijdperk zien wij een hergeboorte van nationaal bewustzijn en dat moet zich ook in onze kunst openbaren. Iedere grote tijdperk beinvloed de kunst van die tijd, en kerkgebouwen zijn de meest blijvende voorbeelden daarvan. Een oude kerk blijft altijd een aantrekkelike stuk geschiedenis en een herinnering aan het verleden. Laten we dan de kerk zo goed mogelik maken. Als we geld voor een doel uitgeven en het resultaat is een mislukking, dan is dat geld vermorst en wie kan zich die weelde veroorloven. De beste bescherming tegen zulke mislukkingen is om een bekwame architekt op te dragen het gebouw te ontwerpen, die zorg kan dragen dat een goed gebouw verkregen word voor het zelfde geld dat anders op slecht werk verspilt word.


Tot nog toe waren de kerkebouwers van ons land geen kunstenaars, hun werk staat om en bij ons, en dat werk veroordeeld hen. Het is zonder nationaal gevoel en zelfs niet eens degelik gebouwd. Wat kan ook anders verwacht worden als zomaar de eerste de beste bouwer aangesteld word om zonder supervisie zulk voornaam werk te doen.

Ik heb de ontwerpen die in dit boekje voorkomen gezien en gaarne beveel ik het werk van deze begaafde jonge afrikaner aan. Zijn werk wint in artistieke waarde wanneer door hem omgezet in steen en sement.

Met de geboorte van een nieuwe tijdperk waarderen wij een man die luchtkastelen bouwen kan, omdat wij weten dat alle grote werken eerst daar gebouwd moeten worden. Wij waarderen hem des te meer als wij weten dat hij die luchtbeelden gedaante kan geven en om kan zetten in een imposante werkelikheid.


A. VAN WOUW,

BEELDHOUWER.




Gerard Moerdyk A.R.I.B.A.
Johannesburg


No. 1




KONSISTORIE
TRAP
BRANDKAS

Gerard Moerdyk


No. 2



KONSISTORIE
ROSTRUM

# KERKGEBOUE
VIR
# SUIDAFRIKA.

DEUR

***GERARD MOERDIJK, A.R.I.B.A.,***


(Oud Student A.A. London).
(Oud Student Ecole des Beaux Arts, Parys.)
(Lid Archaelogiese Skool te Rome.)


Tot nog toe was die architektuur van ons kerke in 'n staat van gaos. Dit is waar, daar bestaan 'n paar mooi en simpele voorbeelde ons deur die eerste koloniste nagelaat, maar die skoonheid en gepastheid daarvan het maar min invloed op ons teenswoordige kerkebou. Dit lyk amper of goedkope pronk verkies word bo eenvoudige degelikheid. Die gewone dorpskerk van wes Europa word oor en weer gekopieer deur mense van geen of min artistieke opleiding. Onpaslike en slegte materiale word baie maal nog verkeerd gebruik en in die konstruksie word tegniese of natuurwette glad nie in ag

geneem nie. Om ooit kerke van artistieke waarde te kry moet ons eers degelik en met verstand leer bou en dan sal ons ook misskien 'n styl ontwikkel waarin opgeslote le, die doel van die gebou, die ideaal, die geskiedenis en die karakter van die bouers.


As 'n gebou ontwerp is om 'n sekere sentiment of impressie weer te gee, dan moet dit die gevoel of impressie veroorsaak in 'n ieder wat vir so iets vatbaar is. Dus 'n gebou wat vir Godshuis bedoel is moet die impressie weergee. Daar is geboue wat ontwerp is met 'n sekere doel, wat in werklikheid soos glad iets anders lyk. So 'n gebou is 'n architektoniese mislukking. Nou is dit moontlik dat ons alleen vir so 'n gevoel vatbaar is, nadat ons daarvoor opgelei is. Die eerste maal dat 'n kind iets anders krij dan melk, spoeg dit die onsmaaklike kos uit. Ons hou eers van olywe of tamaties na ons daaraan gewoon is. Maar tog, daar is smake wat ons aangebore kan noem en wat misskien die gevolg is van 'n natuurlike lewe en omgeving. Dit is gewoonlik waar dat ons die gesondste smaak kry in wat die natuur voor ons le. 'n Kunswerk beinvloed verskillende mense op verskillende maniere, naarmate die individueel daarvoor vatbaar is. Die hoër en beter kuns is die wat weerklank vind in ons hoër en nie in ons laër of meer gewone gevoelens nie.


Dit is natuurlik dat 'n man van die wereld, wat sy lewe deurbring in verfynde geselskap (grotendeels 'n oefenskool vir die gevoelens) die beste beoordelaar is van wat skoon is in kuns. Die geleerde soek na en waardeer die geskiedenis, die oorspronk of die litterariese interest. Die man wat 'n simpele lewe gelei het in noue aanraking met die natuur sal eerste die genie, die siel van die kunstenaar waardeer, hy voel dat kuns voortvloei uit die natuur van die mens en nie uit sy kennis nie.





No 4


KERK SAAL
INGANG VIR PREDIKANT
CONSISTORIE
BRAN KAS



Gerard Moerdyk ARIBA
Bus 1603
Johannesburg


Waarheid en erns is groot ideale wat ons in bouwerk nooit mag vergeet nie. Ons bou nie alleen vir ons self nie; ons groot werk bly staan na ons self lank vergeet is, toekomstige geslagte sal ons oordeel na wat ons hul nalaat en ons ou werke sal hulle tot inspirasie moet dien. Laat ons die geskiedenis van die groot ou sivilisasies nagaan en laat ons opmerk wat vergaan het en wat vandag nog bly staan. Die politieke stryd van die Grieke is vir ons van geen belang, hul groot oorloë het alleen interest vir die geskiedskrywer en boekwurm maar die kuns van die Grieke! hul bouwerk, hul drama, hul litteratuur, is die grootste erfdeel van die beskaafde mens. 'n Moderne skrywer roep uit oor Griekeland: "Whate'r we hold in beauty half is hers." En tog, ons dink so lig daaroor, waarheid word so selde betrag. Dit is nie teveel om te se dat die groot meerderheid van ons kerkgeboue vol van bedrog en onwaarheid is nie. Goedkoop hout word so geverf en bewerk dat dit lyk of 'n duurder houtsoort gebruik is. Pleister word so gevoeg en gemaak om klip voor te stel; maniere van konstruksie word aangegee wat totaal vals is; pleister word bewerk soos marmer, ens. Oorals rond ons sien ons onbeskaamde namaak en vervalsing.


Hierdie gebrek aan gevoel vir waarheid bring ons op 'n ander punt, die van karakter. 'n Kunswerk moet die individualiteit van die kunstenaar dra. Dit is die persoonlikheid van die artis wat 'n kunswerk laat lewe. Dit sal ons beter verstaan as ons weet dat ware kuns 'n uiting is van 'n emosie deur die kunstenaar gevoeld. Dit is om so te se 'n kind van sy gedagte. Ons hoef alleen maar te kyk na die meesterstukke van die verlede. Wie kan nie dadelik die meesterhand sien in die

"Nachtwacht," die "Groote Denker" of in die dom van "St. Peter"? Wie erken nie met die eerste paar note die musiek van Wagner nie? Die emosies en die karakter van 'n artis kan in sy werk terug gevind word en as sy karakter eerlik en opreg is sal sy werk ook so wees. Om 'n waarlik groot kunstenaar te wees moet hy strewe na meesterlike tegniek en groot geleerdheid in sy vak, maar hy moet nooit vergeet dat daardie eienskappe nooit die plek in kan neem nie van die meer eenvoudige en tog groter talent wat die menselike of sal ons liewer se, die Goddelike element is in 'n kunswerk.


Een van ons groot foute is die vreeselike moeite wat ons doen om origineel te wees, terwyl ons verwaarloos wat van regtig artistieke waarde is. Aanhoudend roep ons uit om 'n nuwe styl, of ons probeer 'n oue na te maak, in plek van tegniese moeilikhede te bestudeer en ons individualiteit op die voorgrond te laat kom. 'n Nuwe styl! en dit voor ons! Ons kan ewe goed 'n arm man wat nog nooit 'n heel baadje aangehad het vra om 'n nuwe styl van klere in te voer. Gee hom eers 'n heel pak klere, degelik gemaak, om sy naakheid te bedek en dink dan om ander modes. Wie wil sodanig 'n nuwe styl he? Solank ons degelik bou, die regte materiale rasioneel gebruik, ons behoeftes in ag neem en ons eie periode weergee sal ons van self 'n styl kry. Egiptiese, Assieriese, Griekse, Goties style is pragtig op hulle self beskouw. Waarom? Grotendeels omdat die style die periodes van hul ontwikkeling so suiwer weergee. Maar ons is nie Egiptenare of middeleeuers nie, ons tyd is anders en ons lewe is anders. Alleen dan kan ons 'n styl van waarde kry wanneer dit 'n groeie is uit ons eie tydperk en uit ons eie land. Kopier niks nie. Soos ek alreeds gese het as ons ernstig en






INGANG
INGANG
CONSISTORIE KAMER
INGANG

№5


ARIBA
Johannesburg

sonder bedrog werk, as ons die beste en geskikste materiale logies gebruik en as ons geinspireer word deur kunstenaars wat genoeë in hulle skeppinge neem sal ons ook 'n styl kry waar ons met reg trots op kan wees.

Die werke, ons nagelaat deur die eerste koloniste sou goed wees om ons op sekere sin te beinvloed, dis deel van ons geskiedenis; nerens anders is daar presies sulke geboue. Die abstrakte lesse wat daarin le kan ons ter harte neem, maar ons moenie dom kopieer nie. Kopieer is nooit vooruitgang nie. Maar net soos Homer die ou sages en legendes van Griekeland gebruik het om sy "Ilead" uit op te bou en net soos Wagner sy operas gebasseer het op die ou duitse "Nebelungen Lied," sal ons misskien nog. ons nasionale meesterstukke kry, deur 'n uitwerking van die oud-hollandse styl. Groot werke soos b.v. die Uniegebou, kan nooit deel vorm van ons nasie nie. Die slaperige ou dooie Italiaanse renaisanse styl is pragtig maar vloei nie voort uit die wese van ons volk en kan ons nie verteenwoordig nie.


## PRAKTIESE OPMERKINGE.


Waar bewerkbare klip is moet die algemeen gebruik word. Vir buitewerk is dit beter om die klip ru te laat, dit moet in gebroke laë gele word. Ook van binne is klip die beste materiaal, alleen, hier moet dit fyn bewerk word. As daar meer geld beskikbaar was vir ons kerke, dan kon ook die plafon gemaak word uit gewelwe van klip, maar daar is vireers geen hoop op nie. Die beste wat ons nou kan doen is om ons te behelp met pleister of asbestos. Gebruik g'n ceiling planke of

staal ceilings nie. Altwee is ongeskik. Dun hout planke droog uit, krimp en bars binne korte tyd; staal roes en is sleg vir die akoestiek. Dis altwee baie verganklike dinge en gee later veel moeite. Sink vir die dak is ook onwenslik, al gou begin dit te roes en te lek, selde hou dit vir langer as 35 jaar en 'n kerk moet vir honderde bly staan. Sink op sy beste is nog onooglik en vergelyk dit nou met 'n pandak netjies bewerk! Vloere moet gemaak word uit houtblokkies op konkreet gele, dit maak geen geraas as daarop geloop word nie, dit lyk mooi en is beter bestand teen brand as gewone plankvloer.


## AKOESTIEK.


In die ontwerp van 'n moderne protestantse kerk is die akoestiek een van die voornaamste dinge om in die oog te hou. Die pragtige ou kerke van die middeleeue is ontwerp vir seremonie, maar dit verval heeltemaal in ons kerk, wat boonal gebruik word as 'n spreeksaal. Dit is noodsaaklik dat ieder een van die gehoor die predikant duidelik kan verstaan. Die amfiteater is die beste vorm, omdat dan die grootste massa mense naby die prediker sit. Hierdie kwessie van akoestiek is baie ingewikkel en vereis diepe studie om dit te verstaan. Vitruvius, 'n Romeinse skrywer, het lang artiekels geskrywe oor die akoestiek van Griekse tempels. Daardie nasie het meer daarvan verstaan as ons, en hul kennis van die wette en werking van geluidgolwe was na aan volmaak. Maar hul akoestiek was beter as Vitruvius se beskrywing, wat maar tamelik onduidelik is. Die Griekse uitvindsels is vir ons verlore gegaan. Daar is so baie dinge wat in aanmerking geneem moet word en veel daar-






Nº6



Gerard Moerdijk A.R.I.B.A
ARCHITEKT
JOHANNESBURG


NUWE KERK
VIR DIE N·G·GEMEENTE TE
•PIET-RETIEF•
VOOR GEWEL
DOORSNEE
SIJ GEWEL
Nº7
KONSISTORIE
KINDER KAMER
ORGEL
ORGEL
KOOR
GALLERIJ PLAN
Gerard Moerdyk A.R.I.B.A.
ARCHITEK
Johannesburg
DAK PLAN

van le buite die mag van die architek, b.v. die akoestiek van 'n saal kan goed wees as daar min mense in is en word heeltemaal bederf deur 'n groot gehoor en ook omgekeerd. Ons kennis is maar gering, tog is daar sekere reels waardeur groot foute kan vermy word.

'n Geluidgolf sprei uit in sfeervorm met die punt van oorspronk als middelpint. Die krag van die geluid word minder in dieselfde proporsie waarmee die oppervlakte groter word, m.a.w. die krag van die geluid is omgekeerd as die vierkant van die straal. Gevolglik sal op 'n afstand van 10 voet die geluid een kwart so sterk wees as op 'n afstand van 5 voet. As geluid deur 'n reguit pyp gaan word dit ingehou en dit verminder alleen deur die weerstand van die lug en die vrywing van die pyp. Om teoreties die beste saal vir geluid te kry moet dit 'n vorm he soos b.v. die tuit van 'n gramafoon met die oorspronk van die geluid by die dun end. Maar dan is daar nog vername faktore wat in speling kom, dit is die weerkaatsing van geluid en vibrasie.

'n Geluidstroom wat teen 'n klipmuur slaan, word weerkaats met amper gelyke krag. Die hoek van weerkaatsing is gelyk aan die hoek van aanslaan. Sagte materiale soos gordyne weerkaats g'n geluid nie. Op 'n gebroke vlak is die weerkaatsing minder duidelik. Dit is hoekom 'n ego in 'n leë saal verdwyn as die saal vol is.

Eksperimente wys dat wanneer 'n geluid 1/10 van 'n sekonde later is as 'n ander dat dan die twee geluide tot één saamsmelt. As dit langer vat, kan die geluide apart gehoor word. Dus, as 'n refleksie van één muur langer vat as van die ander, sal die geluid baie ondui-

118220757
616971450

delik wees. Dan weer, als die spreker op die middelpunt van 'n leë, ronde saal staan sal hy sy eie woorde nie kan verstaan nie, deurdat sy geluid van alle kante tegelyk terugkom. Refleksies van die plafon is sterker as refleksies van mure. As mure ongebroke is kruip die geluid liewer daarlangs as om deur die ruimte te gaan. Dit is die geheim van die "Whispering Gallery" van St. Paul's, in London. Dis altyd beter om die oorsprong van die geluid nie te naby aan die kant van 'n muur te sit nie, want groot hoeke van weerkaatsing gee moeilikheid. Dit was een van die foute in die Trocadero in Parys, waar die akoestiek so sleg was dat daar heeltemaal 'n nuwe vals gewelf gebou moes word binne die werkelike een. Daarna moes die geluidgolwe gebreek word deur drade te span waar doek aan vas was om die ego te voorkom. Ook hierna was die saal nie goed nie. As één toon op die piano aangeslaan word kan daar duidelik twee tone gehoor word. Vir orgel musiek egter en self vir 'n orkes is die saal geskik.

Dit is moontlik om die sterkte van geluide te vermeerder deur vibrasie en refleksies. Die formule hiervoor is: as OR + RA—OA 'n veelvond is van die golflengte d.i. die afstand wat een geluid gaan per sekonde (1,100 voet gedeel deur die hoeveelheid vibrasies per sekonde van die toon, dan sal die geluid op die punt A baie sterker wees.


O oorsprong van luid.


R punt van refleksie.


A 'n gegewe punt in die gehoor.

As egter OR + RA—OA 'n onewe veelvond is sal die geluid swakker wees.


Gerard Moerdyk


Gerard Moerdyk
Johannesburg


KOMBUIS
20 x 14
EET K
18 x 15
GANG
BANK
BAD
KAS
HAARD
KAS
SLAAP K
16 x 14
SLAAP K
18 x 14
SLAAP K
18 x 14
ONTVANG K
20 x 17
STUDEER K
17 x 15
SLAAP K
17 x 15


STUDEER K
18 x 18
BO ONTVANG K
TRAP
STUDEER K
OP EERSTE VERD.P.G.
KOMBUIS
17 x 16
STOEP
SIT BANK
KINDER
SLAAP K
12 x 12
KINDER
SLAAP K
16 x 12
EET K
21 x 14
ONTVANG K
24 x 18
GANG
BAD
TRAP
LOGEER K
16 x 14
SLAAP K
16'6 x 14
STOEP
STOEP
STOEP

Vibrerende geboue wat die geluid aanhou nadat die origenele geluid opgehou het is sleg. Dit kom dikwels voor in 'n gebou met hout of staal ceilings. Dit kan baie maal verhelp word deur wetenskappelike spanning van drade.

## VENTILASIE.

Kerke moet goed ventileer word. As lug eenmaal deur die mens gebruik is bevat dit by uitaseming 'n sekere presentasie van koolsuurgas ($CO^2$). As die gebruikte lug nie weg kan kom nie, word die hoeveelheid $CO^2$ so groot dat dit hoofpyn en slaperigheid veroorsaak. Slegte warm lug styg boontoe en bo in die kerk moet daar 'n uitweg wees anders word dit weer en weer ingeasem. Om die kerk suiwer en fris te hou moet die selfde lug nooit langer as 20 minute in bly nie. Die ventilasies moet dus so wees dat gelydelik al die lug in die kerk ververs word. Die vars lug moet by deure en vensters inkom, en op die hoogste plek van die dak uitgaan. Daar moet tegelykertyd gewaak word teen direkte trek op die mense.

## BESKRYWING VAN ONTWERPE.

Die tekeninge wat in hierdie boekie voorkom is nie vir enige bepaalde plek gemaak nie, en dis alleen maar bedoel om ideë te gee. Om die beste gebou vir 'n spesifieke plek te ontwerp is dit noodsakelik, dat die architek eers die legging van die plek, die vormasie van die grond en die hele omgeving bestudeer. Hy moet eers uitvind watter lokale materiale die beste kan gebruik word, presies wat die maksimum draagkrag van die grond is, om die fondament goed te kan uitwerk, sodat dit nie te swak is op die plek waar 'n groot gewig moet gedra word


nie, of dat hy geen geld vermors deur die fondament onnodig sterk te maak op plekke waar dit oorbodig is nie, ens. Om somaar blindelings 'n ontwerp te maak meen onbehoorlike werk en weggegooide geld.


Die styl van die geillustreerde ontwerpe is gebasseer op die ou Hollandse styl soos aangetref in die Kaap, sonder om daar krampagtig aan vas te hou. Die gedagte was om elke ontwerp in harmonie met sigself en omgeving te laat wees.

No. 1.—Hierdie kerkie is geskik vir 'n klein gemeente. Daar is sitplek vir 300 mense. Dit bevat twee ope ingangsportale. Daar is 'n konsistoriekamer met 'n brandkas. Bo die konsistorie is plek vir 'n orgel. Die prediker staan op 'n preekstoel. Dit is 'n kerkie wat later mooi kan gebruik word vir 'n kerksaal as die gemeente tot die bouw van 'n groter kerk oorgaan.


No. 2.—Dit is 'n kerk met 500—600 sitplekke. Daar is ook 'n konsistoriekamer. In hierdie kerk is daar 'n rostrum waar die predikant van spreek, ook is daar 'n verhoogte tribune vir ouderlinge en diakens.


No. 4.—Dit is 'n gekombineerde kerk met 'n aparte kerksaal vir 250 mense, geskik vir gewyde konserte en jongelingsvergaderinge. In die kerk self is plek vir 800—900 mense wat in amfiteater vorm rond die prediker sit. Daar is 'n speciale orgel en koor gallery, ook twee gallerye vir die gemeente. Die prediker spreek vanaf 'n rostrum en daar is 'n verhoogte tribune vir kerkeraadslede. Dit bevat 'n groot konsistoriekamer, ook geskik vir Sondagskool of kerkvergaderinge. Die geheel vorm 'n mooi groepering.






Nº10





Gerard Moerdyk ARIBA
Architect
Johannesburg


HOOF INGANG
SIJ INGANG
SIJ INGANG
AFSKORTING
KERKSAAL
PLATVORM
GANG
KINDER K
KONSISTORIE
28 × 20'
INGANG
GROND PLAN
VOOR GEWEL
SIJ GEWEL
ORGELIS
KOOR
ORGEL
GALLERIJ PLAN
Nº11
Gerard Moerdijk A.R.I.B.A
ARCHITEK
Johannesburg

No. 5.—Dis 'n kerk met 1,000 sitplaatse, 600 op die vloer met plek vir nog 400 mense op die gallery. Hierdie kerk is eenvoudig en betreklik goedkoop. Dit het 'n biesondere delikate en fyn bewerkte toring.

No. 6.—Dit is 'n heeltemaal nuwe soort kerk. Dit bevat 1000 sitplaatse en het die volle amfiteater vorm. Hierdie ontwerp is speciaal gemaak vir die akoestiek. Die vorm is die beste vir 'n spreeksaal. Daar is 'n ope gang heeltemaal rond. Daar is drie torings. Een vir die uurwerk, een vir die klokke en 'n kleintjie vir die ventilasie. Die ronde openings in die mure van die plan is ventilasie pype wat in verband is met die toring. Daar is vier kamers, een vir die ouderlinge, een vir diakens en daarbo op die eerste verdieping twee kamers vir sondagskool.

No. 7.—Die plan van hierdie kerk is ontwerp op helemaal moderne styl, terwyl die gewels die oue invloed wijs. Daar is sitplekke vir 900—1,000 mense, 300 in die naaf, 150 elk van die vleugels en 150 op iedere gallery. Die gallerye en vleugels kan afgeskot word, sodat op gewone Sondae alleen die naaf hoef gebruik word.

Die afgeskotte vleugels kan ieder vir Sondagskool gebruik word.

No. 10.—Dit is 'n groter kerk. Die gewone kruisvorm is behou, maar die gewels is meer bewerk. Die kerk kan gebou word vir 1,500—2,000 sitplaatse. Die biesonderheid van hierdie kerk le in die groot kloltoring of kampanielie, geskik vir Klokkespel.

No. 11.—Die plan van hierdie kerk is min of meer op die selfde prinsiepe as die van No. 7 alleen dit is baie groter. Daar is

sitplekke vir 1,800—2,000 mense. Dan is daar nog 'n kerksaal ook by, wat deel vorm van die kerk. Hier soos in No. 7 kan gedeeltes afgeskot word, sodat as daar min mense is hulle bymekaar kan gehou word en dat dit nie nodig is nie, dat die predikant lege banke met hier en daar 'n enkele toehoorder aanspreek.


No. 12.—Hierdie kerk is meer in katedraal vorm. Daar is ruimte vir 2,000 mense. 'n Groot moeilikheid in verband met die ontwerp van ons kerke is dat alleen vier maal per jaar met Nagmaal geleenthede die kerk vol is. Al die ander Sondaë is daar maar betreklik min mense. Hierdie kerk is so gemaak dat op die gewone Sondae so afgeskot kan word dat daar ruimte is vir 600 mense, daar is 'n tweede klein preekstoel wat dan gebruik kan word.


## PASTORIE.


Verder is daar nog twee ontwerpe vir 'n pastorie. Die een sal pas in 'n landelike dorp met baie water en bome. Die ander is meer geskik vir 'n bergagtige omgewing. Die vernaamste in 'n woonhuis is dat dit koel in die somer en warm in die winter is. Al die slaapkamers moet van minstens een kant direkte sonnestrale daarin kry. Dit is vir die gesondheid baie wenslik. Son is die beste ontsmetter wat daar is.

## KOSTE.

Dis onmoontlik om die koste van hierdie verskillende kerke te gee. Dit verander van tyd tot tyd, dit hang af van waar die kerk gebou word, hoever dit van die spoortrein af is, watter materiale gebruik, ens. Op amper elke plek is die koste verskillend. As gemiddeld kan daarom gereken word dat 'n kerk van £10 tot £15 per sitplek kos. Enige ander informasie sal ek graag aan belanghebbendes verskaf.







No 12

